# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (19/16)volg my op twitter: justchad_cga

*Justin Chadwick 27 Mei 2016*

***"If you are planning for a year, sow rice; if you are planning for a decade, plant trees; if you are planning for a lifetime, educate people" Chinese Proverb***

## CITRUS ACADEMY VIER 10$^{de}$VERJAARSDAG

In 'n ware #goteamcitrus styl het die Citrus Academy sy tiende verjaarsdag by die Universiteit van Pretoria verlede week met 'n funksie gevier. Dit is maklik vir Suid-Afrikaners om 'n bietjie moedeloos te raak wanneer hulle die koerante lees of na die nuus kyk – kuier saam met die jeug en môre se leiers en jou siening verander. Sou dit nie fantasties wees as ons leiers gewone (buitengewone?) Suid-Afrikaners sou toelaat om voort te gaan met nasiebou nie? Spandeer tyd saam met die Sitrus Akademie se studente en oudstudente en hul entoesiasme en dryfkrag vryf ook aan jou af. Ek hoop dat van hul glans, ons almal waarvoor die sitrusbedryf in Suider-Afrika belangrik is, sal aanspoor - en inderdaad Suid-Afrika en ons bure Zimbabwe en Swaziland. Die enigmatiese Sam Louw was die seremoniemeester vir die aand; ná die aankondiging dat daar nie lang toesprake sou wees nie het hy half verward die mikrofoon aan Jacomien de Klerk (Madame Sitrus Akademie) oorhandig. Jacomien het buitengewoon kort gepraat - maar wat sy gesê het was kragtig. Oor meer as tien jaar het die sitrusbedryf 211 studente ondersteun om tersiêre opleiding te behaal deur 500 beurse teen 'n koste van R12 miljoen aan hulle te verskaf. 'n Ware getuienis van sitrusprodusente se verbintenis om te verseker dat die ontwikkeling van menskapitaal sentraal is tot volgehoue mededingendheid. Wat ook wonderlik was is die demografie van die studente wat deur die Sitrus Akademie opgelei is. Die toekoms van die bedryf is blink as 'n mens die groot kontingent van swart studente in ag neem wat nou gekwalifiseer is in velde wat noodsaaklik is vir die sitrusbedryf. Baie van hierdie studente kom van "humble" agtergronde – ek salueer elkeen van hulle vir hul toewyding en volharding om 'n verskil aan hul eie toekoms te maak; daar is te veel Suid-Afrikaners wat wag op aalmoese en "freebies"– julle Sitrus Akademie-studente het hard gewerk en teen alle verwagtinge in, jul kwalifikasies bereik. Welgedaan aan Jacomien, Sitrus Akademie se personeel (Desire (Denise), Candice, Angela, Londiwe, Sive); CGA personeel wat vir Sitrus Akademie werk (Portia) en almal wat 'n rol in die sukses gespeel het.

Ek wil ook graag alle produsente uitdaag om voordeel te trek uit wat die Sitrus Akademie het om te bied. Neem kennis van diegene wat gegradueer het en diegene wat binnekort gaan gradueer, om te bepaal hoe jou personeelbehoeftes nou en in die toekoms gevul kan word. Jy hoef nie geld te spandeer op duur werwingsagentskappe nie; jy het reeds in die Sitrus Akademie belê, so maak kontak met hulle om voordeel te trek uit hierdie belegging. En jy kan ook na die toekoms kyk - as jy weet dat jy gaan bykomende kundigheid (as gevolg van uitbreiding, aftredes of wat ook al) in die toekoms benodig, kontak die Sitrus Akademie en hulle sal beurse met dit in gedagte toeken. Voornemende werknemers kan dan vakansiewerk doen, terwyl hul nog studeer, om 'n goeie passing in terme van kultuur, etiek en ander dinamika te verseker; teen die tyd dat hulle gradueer is hulle deel van jou span. Dit help ook die Akademie in die skep van loopbane eerder as studente met grade en geen definitiewe werk nie. Dit help om te verseker dat die bedryf die opgeleide persone het wat vir die toekoms benodig word.

So dit is 'n ***opdrag aan produsente*** (as ek so kan sê/vra). Kontak die Sitrus Akademie en gesels met enige van hul personeel oor jou menslike hulpbron behoeftes en vind uit hoe jy kan óf help of voordeel trek uit aktiwiteite van die Akademie. Jy kan hulle kontak op 031 765 3410 of jacomien@citrusacademy.org.za

Terwyl ek besig is – baie geluk aan die PMA en Marianne van der Laarse met 'n suksesvolle Loopbaanuitstalling by Universiteit van Pretoria. Dit is verblydend om die aantal skoliere en studente te sien wat belangstel in landbou as 'n loopbaan; en die vrugtebedryf was goed verteenwoordig by die Uitstalling. As jy rondloop op Tukkies (Universiteit van Pretoria) kampus kan die energie en entoesiasme van die plek gevoel word; daar was groepe jong kinders wat besig was met aktiwiteite, en studente van alle kulture en gelowe. Ons jeug is ons toekoms en hulle kan die ouer geslag 'n ding of twee leer van verdraagsaamheid, leierskap en nasiebou.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Toteinde Week 20/5/16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 7.3 m | 6.4 m | 4.5 m | 3.7 m | 2.8 m | 12.4 m | 12.3 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 3 m | 3.3 m | 4.3 m | 2.5 m | 3.2 m | 11.2 m | 11.3 m | 10 m |
| Suurlemoene | 4.5 m | 5.3 m | 6.2 m | 4.1 m | 5.1 m | 16.1 m | 16.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 1.9 m | 2.4 m | 4.1 m | 0.9 m | 2.3 m | 25.1 m | 25 m | 24.5 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | 0.1 m | - | - | 46.4 m | 46.4 m | 52.7 m |
| Totaal | 16.8 m | 17.5 m | 19.2 m | 11.2 m | 13.4 m | 111.2 m | 111.1 m | 118.3 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**